

Inleiding

Tot heel onlangs het historici hul relaas van die geskiedenis van Suid-Afrika in die middel van die 17de eeu begin, toe die Nederlanders 'n verversingspos gevestig het op die plek wat later as Tafelbaai bekend sou word. Daarna is die beginpunt teruggeskuif tot aan die einde van die 16de eeu, toe die Nederlanders met die Ooste gemoeid geraak en die idee van die suidpunt van Afrika as 'n halfwegstasie ontstaan het.

Die eerste band van die *Oxford History of South Africa*, onder redaksie van Monica Wilson en Leonard Thompson, het in 1969 verskyn. Vir die eerste keer het die prekoloniale geskiedenis van Suid-Afrika uitgebreide dekking gekry met hoofstukke deur 'n argeoloog en 'n antropoloog. Oor die afgelope twee dekades het twee geïllustreerde geskiedenis van Suid-Afrika verskyn: *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in Woord en Beeld* onder redaksie van Trehwella Cameron en S.B. Spies (1986); en die *Reader's Digest Illustrated History of South Africa* (1988). Albei boeke dek ook die prekoloniale geskiedenis van Suid-Afrika.

Sedertdien was daar dramatiese deurbrake in ons begrip van sowel die biologiese geskiedenis van die mens as van die evolusie in Afrika van alle moderne mense. Hierdie boek begin dus 'n paar miljoen jaar gelede, by die vroegste tydvak waarvoor ons oor gegewens beskik.

Almal uit Afrika

Die fossielrekord uit hierdie tydvak vorm 'n integrerende deel van die “volledige” geskiedenis van die land. Die oorblyfsels van aapagtige wesens, die australopithesene (suidelike aapmense), is hoofsaaklik in Suid- en Oos-Afrika aangetref, en dagteken van ongeveer drie miljoen jaar gelede. Van die nek af boontoe was hulle baie aapagtig; van die nek af ondertoe was hulle heelwat meer soos mense.

Die australopithesene was uitsluitlik van Afrika; hulle het nêrens buite Afrika gelewe nie. Hierdie vroeë wesens, sowel as die mense wat later sou ontwikkel, word onder die sambreel van mensagtiges in die Hominidae-familie geplaas. In Suid-Afrika is die oorblyfsels van die australopithesene by die argeologiese terreine aangetref wat nou as die “Wieg van die Mensdom” bekend staan.

Die eerste ware mense – mense wat klipwerktuie kon maak – het die grootste deel van Afrika minstens een miljoen jaar gelede bevolk. Party van hulle het uit die kontinent uit na die Nabye Ooste, Suidoos-Europa, Indië, Indonesië en ander dele van Asië beweeg. Omstreeks 200 000 jaar gelede het daar moderne mense ontwikkel wat baie soos ons gelyk het en wat teruggekeer het om hul voorvaders in Oos-Afrika te vervang.

Almal swerwers

Maar die vroeë geskiedenis van Suid-Afrika gaan nie slegs oor die ontwikkeling van moderne mense tussen 200 000 en 100 000 jaar gelede nie; dit is ook die geskiedenis van volksverhuisings. Terwyl elkeen wat tans op die aarde leef, “vanuit Afrika” is, is elkeen in Suid-Afrika weer op sy beurt die afstammeling van 'n swerwer. Die vermoë van die mens om oor die wêreld te versprei – lank voordat die wiel, groot skepe of vliegtuie uitgevind is – is sonder gelyke in die diereyik. Die eerste groot volksverhuisings van die moderne mens het sowat 80 000 jaar gelede plaasgevind. Soos Nicolas Wade in *Before the Dawn: Recovering the Lost History of our Ancestors* (2006) aantoon, was dit in hierdie stadium dat mense gevorderde werktuie van ivoor en been begin maak het, asook nuwe wapens soos spiese waarmee groot diere gejag kon word. Dit was ook in dié stadium dat die voorsate van alle hedendaagse mense, wat almal in Afrika gewoon het, begin het om komplekse inligting deur taal oor te dra.

Emigrasie uit Afrika deur 'n klein getal mense, moontlik so min as 150, het ook in hierdie tyd plaasgevind. Aanvanklik was die genetiese verskeidenheid wat hulle saamgedra het, betreklik gering. Na alle waarskynlikheid het hulle die Rooi See by die Poort van Smarte, die nouste plek, oorgesteek. Later het die bevolking van die hedendaagse Nabye Ooste, Indië, Indonesië, Australië, China en Europa gevolg. Nog veel later het die eerste mense hulle in die Amerikas, Japan en Oseanië gevestig.

Ongeveer 2 000 jaar gelede het groot veranderinge in die leefwyse en ekonomie plaasgevind toe etlike golwe immigrante in die rigting van Suider-Afrika beweeg het. Voormalige jagter-versamelaars in Botswana het mak gemaakte skape en beeste by die Ystertydmense van Wes- en Sentraal-Afrika oorgeneem. Hierdie nuwe herders, die Khoi-Khoi, het omstreeks 2 000 jaar gelede suidwaarts na die Suid-Kaapse kus verhuis. Op ongeveer dieselfde tydstip het die eerste Bantoesprekende Ystertydmense hulle suid van die Limpopo gevestig en vinnig die oostelike deel van die land binnegedring. Hulle is deur groeiende getalle en die soeke na handelsgeleenthede en grond gedryf. Hulle het gekweekte plante en mak gemaakte diere, asook kennis van erde- en metaalwerk en mynbou met hulle saamgebring. Behalwe in die droogste en mees onherbergsame streke het hierdie boeregemeenskap langamerhand die oeroue jag-en-versamel-leefwyse vervang.

Anderhalf millennium later, in 1652, het 'n strooisel van die nasate van die mense wat 80 000 jaar tevore na Europa geëmigreer het, na Suid-Afrika verhuis.

Die vorming van Suid Afrika

Hierdie boek het vier dele. Die eerste begin waar moderne mense in Afrika op die toneel verskyn en duur voort, deur die Steentyd en die Ystertyd, tot by die Nederlandse vestiging aan Tafelbaai, gevolg deur die drie groot volksverhuisings van die eerste vier dekades van die 19de eeu – die Griekwa-uitbreiding, die Mfecane en die Groot Trek. Teen 1838 het 'n samelewing afkomstig uit drie vastelande in die westelike helfte van Suid-Afrika sy beslag gekry.

Twee instellings het in die eerste 175 jaar van die Kaapkolonie 'n sleutelrol gespeel: slawerny, wat in 1838 finaal tot 'n einde gekom het, en die kerk (of moskee in die geval van Moslems). Die Kaapkolonie was uit en uit 'n slawesamelewing. Slawearbeid was nie maar net een van verskeie arbeidsvorme nie. Alle instellings – die slawemark, die ekonomie, die regstelsel, die gesin en die kerk – is deur slawerny deurdrenk. Meester-en-slaaf het die model vir alle ander arbeidsverhoudings geword.

Soos die koloniste die binneland in beweeg het, het hulle hul verwerping van sosiale gelykstelling, die uitsluiting van hul slawe en bediendes uit die kerk en die gesin, en die paternalistiese ideologie ter verdediging van hierdie praktyke, saam met hulle geneem. Dit was ook in 'n groot mate die kerk wat Afrikaners as 'n gemeenskap bymekaar gehou het, hul taal gehandhaaf en hulle besiel het met 'n gevoel van verbondenheid aan die land wat hul enigste tuiste geword het.

Godsdienste het ook 'n belangrike rol gespeel in die optrede van ander mense as die koloniste. Baie slawe het hulle tot die Islam gewend en die Christelike kerk verwerp, 'n kerk wat halfhartig was oor die doop van slawe of oor pogings om groter vryheid vir slawe te verkry. Die Xhosa van oorkant die koloniale grense het die Christelike geloof as vreemd aan hul geloofstelsels beskou en was nie daartoe aangetrokke nie. Soos Jeff Peires in *The House of Phalo* aanvoer: “'n Nuwe godsdienst kan slegs tot diegene spreek wie se ou wêreld onherroeplik verpletter was en wat 'n nuwe wêreld wou bou.” Vir die Xhosa het hierdie oomblik in die 1850's aangebreek.

Sedert die 1790's was Westerse sendelinge die hoofspelers in die stryd om 'n meer regverdige samelewing. Soos Richard Elphick opmerk, is Suid-Afrika een van die eerste gebiede op aarde wat deur Protestantse sendelinge oorstroom is. Grootskaalse inheemse Protestantisme het vroeër – en oor 'n groter gebied van die binneland – posgevat as in die meeste plekke in Afrika of elders op aarde. In geen ander land het Protestantse sendelinge so 'n groot rol in die politiek gespeel as in Suid-Afrika nie. Die Ethiopiese en Sionistiese bewegings het vroeër as in die meeste ander streke posgevat.

In die Oos-Kaap het 'n swart elite uit sendingskole koerante gestig, in die buiteland gaan studeer en regsgeleerdes geword. Meer as die helfte van die land se swart matrikulante was so onlangs as 1939 steeds van die Brits-georiënteerde Oos-Kaapse sendingskole afkomstig. Baie lede van die swart nasionalistiese beweging kom uit hierdie streek. Die feit dat Suid-Afrika vandag 'n oorwegend Christelike samelewing is en dat die heersende elite op Engels as die omgangstaal aandring, is grotendeels aan die sendelinge toe te skrywe.

In die tweede deel van die boek word ingegaan op die veranderings in die politieke bedeling in die Suider-Afrikaanse binneland, die geografiese verspreiding van mense, en hul kulture

in die vroeë jare van die 19de eeu. In 'n stadium is gemeen dat dié veranderinge grotendeels aan die Mfecane ('n term wat gebruik word vir die oorloë wat deur Shaka Zulu begin is) toegeskryf moet word, maar onlangse historici voer aan dat dit eintlik die gevolg was van inmenging vanuit die koloniale enklaves van die Kaapkolonie, Port Natal en Delagoabaai. Hierdie “groot irrupsijs” bly steeds uiters belangrik in die geskiedenis van die subkontinent.

Paradoksaal genoeg het die moederkolonie met sy setel in Kaapstad 'n liberale houding jeens kwessies van klas en ras ingeneem juis toe sy setlaar-lote steeds dieper die binneland binnegedring het. Dit was die Engelse sakelui, en in die besonder vervaardigings- en handelsbelange, wat hierdie liberalisme bevorder het – soms met die sendelinge as bondgenote. Die uitwerking wat dit op Suid-Afrika gehad het, was buite verhouding tot die getal liberale.

Die binnedring van die binneland deur die wit mense, en die wyse waarop die Afrikane hierop gereageer het, het die koers en aard van die toekomstige konflik bepaal. Teen die middel van die 19de eeu het Voortrekkers en Afrikane soortgelyke doelwitte gehad: om brose gemeenskappe te herbou, en om ná periodes van maatskaplike ontwrigting sekuriteit te bewerkstellig. Dit het dikwels tot mededinging om noodsaaklike hulpbronne gelei. Die naakte rassevriendskap wat resente historiese tydperke in Suid-Afrika kenmerk, versluier hoe afhanklik hierdie mense eintlik onderling van mekaar was.

Die ontdekking van goud het nuwe ekonomiese groei, met gemengde gevolge, na die streek gebring. Dit het die oorgang tot 'n nywerheidseconomie in Suid-Afrika moontlik gemaak, maar het ook veroorsaak dat die onafhanklike swart state tot niet gemaak is en dat die landelike reservate vernietig is. Party Afrikane het hierdie valstrikke vermy en tydelik in die ontluikende kapitalistiese ekonomie meegeding, hetsy as landbouers of as 'n opgevoede “middelklas”.

In die derde deel bespreek ons die stryd oor politieke oppersaag, en oor die beheer van die minerale rykdom en die benutting van arbeid. Die toppunt van hierdie stryd was die Suid-Afrikaanse Oorlog van 1899 tot 1902. Dit het die twee Boererepublieke verpletter, maar ook die omstandighede geskep waardeur die vier koloniale state tot een staat verenig kon word – 'n staat wat tot wit heerskappy verbind was. Die vervaardigingssektor het stadig uitgebrei, maar dit was slegs ná 'n skerp styging in die goudprys in 1933 dat ekonomiese groei op dreef gekom het. Dit was egter ook in hierdie tyd dat die oorlewingskrisis in die reservate onheilspellende afmetings begin aanneem het.

Die laaste deel van die boek dek die sestig jaar ná die einde van die Tweede Wêreldoorlog, waartydens 'n snelle groei in die vervaardigingssektor die dryfveer van die ekonomie was. Teen 2003 het Suid-Afrika die dertigste grootste ekonomie ter wêreld gehad. Vanaf die 1970's het apartheid groei toenemend gestrem. Internasionale verontwaardiging en interne weerstand het opgelaai. In hierdie tydperk het die Afrikanernasionalistiese beweging sy samehang begin verloor, en het die apartheidstaat onder verbete aanslae deur 'n ANC-geleide koalisie begin steier. In 1994 is die mag aan 'n demokratiese verkose regering oorgedra.

'n Nota oor geskiedskrywing

Die tradisionele wit geskiedskrywing het tot in die 1930's eerder op die verhoudinge tussen die Britte en die Boere gekonsentreer as op die sogenaamde "naturelle vraagstuk". Soms is kru verwys na "hordes krygers" wat probeer het om 'n land toe te eien wat die blankes reeds besig was om te moderniseer. Hiermee gepaard was die bewering ('n mite) dat die land "leeg" was. Hiervolgens het die Voortrekkers in die 1830's op 'n leë landstreek afgekom wat deur die Mfecane ontvolk was. Op grond hiervan is die (valse) aanspraak gemaak dat die wit mense eweveel reg as die swart mense op die grond gehad het.

Die verskyning van die *Oxford History of South Africa* in 1969-1971 verteenwoordig 'n belangrike breuk met hierdie tipe propagandistiese geskiedskrywing. Die boek bespreek voedselproduksie, veeteelt en metallurgie tydens die eerste millennium van die huidige jaartelling en wys hoe oud, kompleks en gesofistikeerd die geskiedenis van die Afrika-samelewings eintlik is.

Sedert die vroeë 1970's het 'n nuwe skool van "revisionistiese" historici die diversiteit en kompleksiteit van die oorgangs- en transformasieprosesse onder Suid-Afrika se landelike gemeenskappe, swart sowel as wit, beskryf. Hulle het apartheid nie in rassistiese terme probeer verklaar nie, maar eerder as 'n regstreekse gevolg van industrialisering. In opeenvolgende uitgawes van Rodney Davenport se *South Africa: A Modern History* sintetiseer hy die werk van geskiedkundiges met uiteenlopende perspektiewe – revisionisties, liberaal en nasionalisties.

Sedert die laat 1980's het nuwe tendense in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing na vore gekom, byvoorbeeld die hervertolking deur Julian Cobbing in 1988 van die oorsake van die Difaqane (of Mfecane). In 1990 verken Cheryl Walker kwessies van geslagsongelykheid in *Women and Gender in Southern Africa*. In *Slavery in South Africa: Captive Labor on the Dutch Frontier* behandel Fred Morton en Elizabeth Eldredge in 1994 die aard en verspreiding van swart slawe, slawerny, en slawestrooptogte deur die Boere op die grense van die Kaap, Transvaal en die Oranje-Vrystaat. In 2002 publiseer Carolyn Hamilton *et al.* 'n belangrike nuwe werk, *Refiguring the Archive*, oor die aard en uiteenlopendheid van argiewe, terwyl Nancy Jacobs in 2003 *Environment, Power and Injustice* die lig laat sien het.

Die Suid-Afrikaanse Oorlog van 1899-1902 is een geval waar die tradisionele vertolking – dat dit 'n "witmansoorlog" was – ingrypend hersien is. Dit word steeds as 'n verskriklike oorlog beskou. Daar was die dood van vegters aan die kant van sowel die Boere as die Britte, die dood van swart hulpsoldate, die baie duisende Afrikanervroue en -kinders wat in die troostelose konsentrasiekampe gely of gesterf het, en die Boereplase wat deur die Britse soldate afgebrand is. In die afgelope 25 jaar het daar egter veel meer oor die oorlog na vore gekom. Ons weet nou byvoorbeeld van die rol van die San, iets wat tot nou toe in nagenoeg alle geskiedskrywing ontbreek het, sowel as die gevegsrolle van swart en bruin mense en Indiërs in die oorlog. *Writing a Wider War: Rethinking Gender, Race and Identity in the South African War, 1899-1902*, onder redaksie van Greg Cuthbertson, Albert Grundlingh en Mary-Lynn Suttie, is moontlik die belangrikste werk waarin hierdie kwessies saamgevat word.

As historici van die Suid-Afrikaanse geskiedenis is ons terdeë

bewus van ons apartheidsverlede waarin verregaande onreg gepleeg is. Ons is ook bewus van verdraaide geskiedskrywing in die verlede. By die skrywe van hierdie geskiedenis poog ons om verdraaiings en eensydighede reg te stel. Hierdie boek met sy verskeidenheid outeurs put uit die perspektiewe van verskillende "skole" van historici wat in die 1970's en 1980's verwoed oor die historiese waarheid getwis het, terwyl dit ook die navorsing van ná 1990 en die mees onlangse kundigheid oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis insluit. Dit was ons doel om ons geskiedenis in al sy diversiteit, kompleksiteit en dinamiek op 'n regverdige en gebalanseerde wyse aan te bied. Hoewel ons na objektiwiteit gestrewe het, sou dit vermetel wees om te ontken hoe hardnekkig subjektiwiteit kan wees. Die Britse historikus Peter Burke stel dit só:

Hoe hard ons ook al probeer om die vooroordele te vermy wat met kleur, geloof, klas of geslag geassosieer word, kan ons tog nie voorkom dat ons vanuit 'n bepaalde gesigspunt na die verlede kyk nie.

Hierdie boek berus in 'n hoë mate op voorheen gepubliseerde werk van die hydraende skrywers. Volledige verwysings word in die skrywers se oorspronklike publikasies gegee, wat in die Bibliografie op p. 440 opgeneem is.

Die boek konsentreer op die politieke, en in 'n mindere mate op die ekonomiese geskiedenis van Suid-Afrika. Weens 'n gebrek aan ruimte het ons nie probeer om die maatskaplike of kulturele geskiedenis te dek nie.

As redakteurs wil ons graag vir Eloïse Wessels, besturende direkteur van NB Uitgewers, vir haar persoonlike belangstelling bedank. Ons uitgewer, Erika Oosthuysen, was die middelpunt van kalmte, takt en gesonde oordeel waardeur die projek aanmekeargehou is. Laaste maar geensins die minste nie, dankie aan ons medewerkers wat as ware beroepslui by strawwe spertye gehou en werk gelewer het wat toeganklik én op 'n hoë akademiese peil is.

Namens al die medewerkers spreek ons die wens uit dat hierdie werk sal help om begrip te kweek vir ons komplekse, moeilike, hartverskeurende, verwarrende, betowerende, geliefde land.


HERMANN GILIOMEË

BERNARD MBENGA

Stellenbosch en Mmabatho

Maart 2007

- Vir die name van Afrikatale en -gemeenskappe het ons die spelkonvensie gevolg om die voorvoegsel weg te laat, bv. "Pedi" eerder as "Bapedi".
- Hoewel ons almal wat in Suid-Afrika woon en hulle met die land vereenselwig as Afrikane beskou, het ons die gebruik gevolg om die terme "Afrikane", "swart mense" en "Bantoetaalsprekers" verwisselbaar te gebruik. Ons het ook "bruin mense" vir mense van gemengde afkoms gebruik, en dikwels "wit mense" vir mense van oorwegend Europese herkoms. Die term "Afrikaner" word vir wit Afrikaanssprekendes gebruik, maar ons verwag dat dit, soos in die geval van die term "Afrikaan", in toenemende mate meer inklusief gebruik sal word.
- Aangesien die boek op temas eerder as op streng chronologie toegespits is, kan dit gebeur dat sekere gebeurtenisse op meer as een plek genoem word.
- Ten einde die teks leesbaar te hou, is kruisverwysings tot die minimum beperk. Die register toon alle verwysings na 'n gebeurtenis wat op meer as een plek genoem word.



*'n Groepfoto van mynwerkers, wit sowel as swart, op die goudvelde
in die 1890's. Teen 1897 het bykans 70 000 swart en 10 000 wit mans in die
Witwatersrandse myne gewerk, baie van hulle ondergronds.*